Laerskool Stellenbosch

Gedragskode vir leerders

ALGEMEEN

- Die doel van die reëls is om by te dra tot die ordelikheid, etos en beeld van Laerskool Stellenbosch.
- Van leerders word verwag om hulle ooreenkomstig die skoolreëls te gedra op pad na en van die skool, by enige byeenkoms waar die skool verteenwoordig word of enige plek waar groepe of individue deelneem.
- Leerders moet te alle tye met respek en agting optree teenoor die personeel asook die administratiewe- en skoonmaakpersoneel.

GEDRAG TEENOOR PERSONEEL EN ANDER VOLWASSENES

- Alle leerders moet met agting en respek optree teenoor enige volwassene of personeellid.
- Opdragte van opvoeders moet noukeurig uitgevoer word.

OP DIE SKOOLTERREIN

- Daar word van leerders verwag om die skoolterrein netjies en skoon te hou.
- Gevaarlike artikels of speletjies is verbode op die skoolterrein.
- Onaanvaarbare en vuil taalgebruik is verbode.
- Geen leerder mag oor drade/hekke klim of gate daarin maak nie.
- Leerders mag nie blomme pluk of enige struik of boom op die skoolterrein beskadig nie.
- Geen leerder word tydens pouses in die saal, voorportaal of klaskamers toegelaat nie.

OP BUSSE

- Leerders moet hulle te alle tye goed gedra en selfbeheersing toepas.
- Geen tekens mag aan ander padgebruikers gewys word nie.
- Geen eet, drink of rommelstrooiing word in busse toegelaat nie.
- Geen leerder mag sy/haar medepassasiers se lewe op enige wyse in gevaar stel nie.

FIETSE EN MOTORS

- Fietse word te alle tye toegesluit en in fietsrakke geplaas.
- Geen leerder mag aan fietse peuter nie.
- Geen leerder mag op die skoolterrein op sy/haar fiets ry nie, veral nie voor of direk na skool nie.
- Geen motor mag voor of direk na skool op die skoolterrein ry om leerders op/af te laai nie.

SKOOLBYWONING:

- Alle leerders moet elke dag vanaf die eerste tot die laaste periode teenwoordig wees.
- Indien ‘n leerder afwesig was, moet ‘n brief wat die aard en rede vir afwesigheid verduidelik, aan die skoolhoof gestuur word.
- Indien ‘n leerder ‘n dringende of noodsaaklike afspraak moet nakom, moet die ouers skriftelik vooraf daarvoor aansoek doen by die skoolhoof.
- Leerders moet soggens betyds wees vir skool, die wat laat is, moet eers by die kantoor rapporteer.
- Ouers wat pakkies/klere vir leerders bring, moet dit by die sekretaresse laat en nie by klasse afgee nie.

BEWEGING VAN LEERDERS

- Alle leerders wat na of tussen klasse beweeg, moet flink en ordelik en in twee netjiese rye stap en links hou.
- Gesels en hardloop in gange is verbode.
- Geen leerder mag sonder toestemming soggens voor skool of tydens pouses in klaskamers wees nie, tasse word buite by rye gelaat.
- Op reëndae mag leerders in gange aantree en ordelik in gange bly, sonder om rond te hardloop.
- Apparaat van pre-primêre leerders mag slegs deur leerders van eekhorinkies, graad R – graad 2 gebruik word.

DIE SKOOLGEBOU EN MEUBELS

- Ons verwag van leerders om die geboue en apparaat netjies te hou en beskadiging te verhoed.
- Geen graffiti word toegelaat nie.
- Moedswillige beskadiging van enige eiendom of die gebou is ‘n ernstige oortreding.
- Ouers van leerders wat eiendom beskadig, sal vir die herstelkoste verantwoordelik gehou word wat uit sodanige beskadiging mag spruit.

SKOOLDRAG

- Die tydperk vir die dra van somer-/winterdrag sal deur die skool bepaal word.
- Leerders moet te alle tye netjies wees op hul skooldrag, ook na skoolure.
- Leerders mag slegs voorgeskrewe skooldrag dra.
- Leerders se haarstyle mag nie afbreuk doen aan die netheid van die skooldrag nie.
- Geen oorringe, armbande, kettings, ringe of enige vorm van juwele is verbode.

BUITE-KURRIKULÊR

- Daar word van alle leerders verwag om aan ‘n sportsoort of kulturele aktiwiteit deel te neem.
- ‘n Briefie of verskoning moet aan die afrigter/opvoeder in beheer gegee word, indien ‘n leerder nie daar kan wees nie.
- Sportklere/koordrag moet netjies en skoon wees.
- Leerders moet betyds wees vir oefeninge/wedstryde/byeenkomste.
- Alle leerders op die sportveld/tydens byeenkomste/wedstryde/uitvoerings se gedrag moet onberispelik wees.
- Skoolaktiwiteite sal voorkeur geniet bo ander aktiwiteite.

ALGEMEEN

- Geen slagspreuke mag op tasse of op enige plek op die skoolterrein vertoon word nie, of teenoor ‘n mede-leerder gemaak word nie.
- Geen leerder mag ‘n ander leerder viktimiseer of intimideer nie.
- Wees bedagsaam en hulpvaardig teenoor nuwe leerders.

ERNSTIGE OORTREDINGS

- Gedrag wat die veiligheid van andere in gevaar stel;
- Die besit of gebruik van dwelmmiddels, alkohol of sigarette;
- Immorele gedrag;
- Skadelike graffiti, brandstigting, haattaal, seksisme, en rassisme;

- Diefstal;
- Vandalisme;
- Oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal wat teenoor opvoeders of ander werknemers van die skool of teen leerders gerig is;
- Oortreding van eksamenreëls;
- Verontregting, afknouery en intimidering van ander leerders;
- Herhaalde skending van die skoolreëls of die gedragskode.

DISSIPLINÊRE MAATREËLS

- Elke klas het ‘n dissipline lêer met soveel klaslyste in as wat daar weke in die kwartaal is.
- Elke opvoeder moet 3 maal per kwartaal ‘n klaslys met inskrywings na die adjunkhoof se kantoor stuur vir bonusse.
- Die kode van die leerder se prestasie of oortreding word langs sy naam geskryf.
- Adjunkhoof sal prestasies of oortredinge op elke leerder se dissiplinekaart individueel aanbring.
- Adjunkhoof sal bepaal wanneer leerder ‘n bonus ontvang; of wanneer leerder pouse inbly of middagskool sit.
- Adjunkhoof sal met ouers kommunikeer wanneer leerder herhaaldelik oortree of ernstige probleme ondervind.
- Die volgende ernstige oortredings word direk aan adjunkhoof gerapporteer vir onmiddellike optrede: baklei, vloek, diefstal, vandalisme, wegsteek van tasse, selfoon wat aan is, in besit van verbode items, onwelvoeglike gedrag, kou van kougom, rassistiese aanmerkings, bank van klasse.
- Leerders met 2 bonusse per jaar mag gewone klere op ‘n Vrydag dra.
- Kategorie 1 oortredings soos: onvoltooide huiswerk, boek vergeet, klere vergeet, klasontwrigting word met pouse inbly gestraf.
- Leerders wat oortree sit op Maandae en Woensdae tydens eerste pouse vir 15 minute in die saal onder toesig van opvoeder wat terreindiens is vir daardie week.
- Vir ernstige oortredings (Kategorie 2) kan leerders direk middagskool sit.
- Leerder wat meer as twee maal per kwartaal middagskool sit, word deur adjunkhoof ingeroep vir dissiplinêre verhoor.
- Leerder wat meer as vyf maal per kwartaal middagskool sit, moet voor Beheerliggaam verskyn vir dissiplinêre verhoor.
- Middagskool vind plaas op Woensdae vanaf 13:00 tot 14:00 in biblioteek.

PROSEDURE BY DIE HANTERING VAN MEER ERNSTIGE OORTREDINGS

- Die skoolhoof sal na die oortreding, die graad daarvan bepaal. Indien dit as “ernstig” geklassifiseer word, sal die volgende prosedure gevolg word.
- Die ouers sal geskakel en ingelig word.

- Indien die skoolhoof dit nodig ag, kan ‘n afspraak met die ouers gemaak word om die oortreding te bespreek om gepaste regstellende aksie te beplan.
- Indien dit na die diskresie van die skoolhoof nodig geag word, sal die Beheerliggaam van die oortreding in kennis gestel word.
- ‘n Beheerliggaamvergadering sal belê word.
- Ouers sal die reg hê, met ondersteuning van ‘n regsverteenwoordiger indien so verkies, om hul kind se saak te stel.
- Daar sal na so ‘n vergadering deur die Beheerliggaam op skorsing,uitsetting of ‘n gepaste sanksie besluit kan word.

LAERSKOOL STELLENBOSCH: DISSIPLINEVERSLAG

Naam: .....
Graad: .....
Kwartaal: .....
Jaar: .....

Kode	Prestasies/oortredinge	Datum	Datum	Datum	Datum	Datum
1	Selfdissipline (huiswerk, opdragte, take)					
2	Netheid van werk (skrif, volledigheid)					
3	Hoflikheid/goeie maniere (vriendelikheid, dankie sê)					
4	Toon respek vir ander (opvoeders, werkers, ouers)					
5	Stel ‘n goeie voorbeeld (gedrag, bied hulp aan)					
6	Hulpvaardigheid (sonder dat daar gevra word)					
7	Vordering in toetse/op leerderverslag (10% verbetering)					
8	Eerlikheid (regstel van punte, geld optel)					
9	Netheid van persoon en skooldrag (hare, naels)					
10	Gedrag in klas/saal/rye (ontwrigting, gesels, terugpraat)					
11	Stiptelikheid (betyds wees vir skool, na pouses)					
12	Verantwoordelikheid (wedstryde, oefeninge, verpligtinge)					
13	Teken van toetse, omsendbriewe en wedstrydbriefies					
14	Skryfbehoeftes, LO-klere en boeke skool toe bring					
15	Uitvoer van pligte en opdragte (skolierpatrollie)					

	Datum	Datum	Datum	Datum
Bonus				
Werkstuk				
Middagskool				

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 25 FEBRUARIE 2010

_____ _____

VOORSITTER SEKRETARESSE

_____

SKOOLHOOF